TOELATINGSBELEID TOT SKOOL

DOEL

Die toelatingsbeleid ten opsigte van die Hoërskool Cradock ("die Skool") word bepaal deur die beheerliggaam aan die hand van die Suid-Afrikaanse Skolewet, Nr. 84 van 1996 ("die Skolewet"), die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, Nr. 27 van 1996, asook Provinsiale Wetgewing, die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Nr. 108 van 1996 en toepaslike beleid.

TOELATINGSVEREISTES

Voordat 'n leerder toegelaat word tot Hoërskool Cradock moet die ouer/voog van sodanige leerder die onderstaande vereistes onderskryf en aanvaar.
Hoërskool Cradock diskrimineer in sy toelatingsvereistes geensins op grond van ras, kleur, geslag, geloof of taal nie.

Die doelstellings van hierdie beleid is :

1. Onderrig aan Hoërskool Cradock het 'n Christelike karakter in ooreenstemming met die waardes van die Bybel as Woord van God. Die skool diskrimineer egter nie teen leerders wat nie Christene is nie en hulle word nie gedwing om aan Christelike aktiwiteite deel te hê nie. Hoërskool Cradock respekteer dus ander gelowe.

2. Onderrig geskied in Afrikaans en Engels volgens die beginsels van Moedertaalonderwysers en wetlike voorskrifte.

3. Onderrig geskied aan Hoërskool Cradock binne die opvoedkundige beginsels en aanvaarbare norme rakende die ouderdomme van leerders in bepaalde grade. Dit is nie opvoedkundig haalbaar nie en word ook so voorgeskryf deur die Onderwyswet dat 'n leerder nie twee jaar bokant die graad se norm moet wees nie.

4. Die ontwikkeling van die identiteit en volwassenheid van leerders tot verfynde

jong here/dames wat hulle plek op alle terreine van die samelewing kan volstaan.

5. Die uitbouing van positiewe lewenswaardes ter bevordering van gesonde menseverhoudinge en diversiteit.

6. Die ontwikkeling van selfstandige, kritiese en kreatiewe denkers.

7. Die handhawing en uitbouing van hoë akademiese standaarde.

8. Die kweek van jong volwassenes wat daarop ingestel is om voortdurend student te bly.

9. Die lewering van diens aan die breë gemeenskap.

PROSEDURE

1. **DOKUMENTASIE BENODIG BY TOETALING**

'n Ouer/Voog moet 'n aansoekvorm voltooi by toelating waarmee saam 'n gedragskode en toelatingsbeleid oorhandig word.

By toelating en aanvaarding moet 'n ouer/voog bewys lewer van die leerder se immunisasie teen aansteeklike siektes.

As 'n leerder verskuif van een skool na 'n ander moet daar 'n oorplasingskaart voorsien word sodat die skool by aanvaarding kan bevestig of die leerder vanaf 'n wettige skool kom en wat hy/sy dalk nog daar verantwoordelik is voor. Die leerder se oorplasingssertifikaat moet aangehef word aan die aansoekvorm vir toelating.

2. **ONDERNEMING**

Die ouer/voog verklaar dat hy/sy die opvoedkundige beginsels van die skool eerbiedig en hom/haar verbind tot:

2.1 Stiptelike betaling van die onderriggeld wat deur die Bestuursliggaam vasgestel word. Indien die ouers 'n probleem het met skoolgeld, moet hulle 'n skrywe aan die Bestuursliggaam rig waarin hulle 'n onderneming aangaan.

2.2 Die ouer/voog aanvaar die opvoedkundige verantwoordbare dissipline met betrekking tot sy/haar kind in die skool asook die dissiplinêre prosedure soos neergelê deur die Bestuursliggaam.

2.3 Die ouer/voog onderneem dat sy/haar kind die skoolreëls ten volle sal nakom.

2.4 Die ouer/voog erken die reg van die Bestuursliggaam om leerder(s) op grond van wangedrag of nie-nakoming van die skoolreëls volgens die dissiplinêre prosedure uit die skool te skors.

3. TOELATING VAN LEERDERS

3.1 Voornemende leerders ("leerder(s)") sal tot die manlike/ vroulike geslag beperk word.

3.2 Daar sal op geen wyse onbillik gediskrimineer word teen enige leerder nie.

3.3 Die maksimum ouderdomsvereiste vir toelating van 'n leerder is die graadnommer plus 6.

3.4 Die kapasiteit van die skoolgebou en geriewe, met inagneming van toepaslike wetgewing sal bepalend wees van die totale getal leerders wat tot die skool toegelaat word ("die kapasiteit").

3.5 Die taal van onderrig en evaluering is Afrikaans/Engels.

3.6 Die beginsel van diversiteit en gelykheid word eerbiedig.

3.7 Toelatingskriteria : Alles word geskoei op/hang af van die leerder se goeie gedragsrekord.

- Eerstens: leerders wat permanent by hulle ouers binne die skool se natuurlike voedingsbron woon en wie se moedertaal Afrikaans/Engels is.
- Tweedens: leerders wat permanent buite die skool se natuurlike voedingsgebied woon en toelating tot koshuise verkry het.
- Derdens: leerders wat die hoogste punte behaal het met voorkeur aan leerders wie se broers/susters reeds in die skool is, kinders van CHS-opvoeders, leerders in Cradock, leerders wat voorheen familie in die skool gehad het.
- Vierdens: inwoners van Cradock.
- Vyfdens: inwoners van ander plekke.

4. TOELATINGSPROSEDURE

4.1 'n Aansoekvorm, ingevul deur die ouers en/of voogde van 'n leerder moet aan die Skool voorsien word ooreenkomstig die Skolewet, tesame met 'n bewys van die leerder se ouderdom (gewaarmerkte afskrif van geboortesertifikaat), asook 'n gewaarmerkte afskrif van die

voornemende leerder se nuutste leerverslag van hom/haar vorige skool.

4.2 Indien die skool reeds vol is, met inagneming van die kapasiteit, sal ‘n waglys bygehou word en die betrokke ouers en/of voogde van tyd tot tyd daaroor ingelig word. Die hantering van die volgorde op die waglys sal aan die diskresie van die skoolhoof oorgelaat word.

4.3 Onderhoude met ouers en/of voogde van ‘n leerder, insluitende sodanige leerder, kan op versoek van die Skoolhoof plaasvind.

4.4 Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 September van die voorafgaande jaar.

4.5 Enige leerder wat nie ‘n Suid-Afrikaanse burger is nie, moet ‘n studiepermit by toelating indien.

4.6 Alle toelatings sal in ‘n register vir daardie doel aangeteken word.

4.7 By toelating sal ‘n leerder en sy/haar ouers en/of voogde die gedragskode en etos van die skool ontvang. Daar sal van ‘n leerder en sy/haar ouers/voog verwag word om die gedragskode en etos te onderteken, ondersteun en stiptelik na te kom.

5. VERPLIGTE ONDERRIGGELD

5.1 Ouer/voogde verbind hulle aan die reëls soos voorgeskryf in *(3.1).*

5.2 Onderriggelde is vooruitbetaalbaar en kan met volle betaling voor die einde van Februarie ‘n afslag van R900-00 ontvang. Die skoolgelde word in tien maandelikse paaiemente verdeel en moet aan die einde van Oktober van elke jaar opbetaald wees.

6. ALGEMENE VEREISTES

6.1 Goedkeuring vir toelating word slegs verleen indien die skoolhoof oortuig is van die voornemende leerder:

- Ouderdomvereistes nie ouer as twee jaar bokant die norm vir die Graad nie:

  Graad 8 - 14

  Graad 9 - 15

  Graad 10 - 16

  Graad 11 - 17

Graad 12 - 18

- Die vorige graad geslaag met die nodige bewyse.
- Indiening van geboortesertifikaat of identiteitsdokument.

6.2 Die drakrag van die skool met inagneming van klaskamergeriewe, klasgroottes en personeeltoewysing word nie oorskry nie ten einde sinvolle onderwys aan te bied. *(Departementele ratio 1:35)*.

7. **SKOOLSONERING/VOEDINGSAREA**

7.1 Voorkeur sal eers verleen word aan leerders wat binne die skoolvoedingsarea woon.

7.2 Leerders se aansoeke van buite die skoolvoedingsarea sal oorweeg word indien daar oor geskikste akkommodasie beskik word.